

25 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 4:14-5:10  
Fokusgedeelte: NGB, Art 21

### Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek

'n Priester is iemand wat vir ander mense by God intree (Heb 5:1). In die Ou Testament was daar twee soorte priesterskap. Daar was die priesterskap volgens die orde van Aäron (deur fisiese afstamming van Aäron) en daar was priesterskap volgens die orde van Melgisedek (direk deur God geroep om priester te wees).

Priesterskap is 'n gevaarlike werk! Hoe kan 'n mens vir iemand anders by God pleit terwyl jy self soveel sondes het? Die heiligheid van God verdra die sonde nie! Daarom moes die priesters van die Ou Testament eers offers vir hulle eie sondes bring vóór hulle vir ander mense tot God kon nader (Heb 5:3). So was dit met al die priesters uit die nageslag van Aäron. Nie een was sondeloos nie.

God self maak 'n einde aan hierdie onbevredigende toedrag van sake. Hy roep en stel self 'n volmaakte Priester volgens die orde van Melgisedek aan: Jesus Christus. As Hoëpriester neem Hy al ons onvolmaaktheid en sonde op Hom en tree namens ons by God in. Hy dra die straf vir al ons sonde en betaal met sy lewe volledig vir al ons skuld. So herstel Christus ons verhouding met God en word Hy vir ons die BRON van ewige saligheid (Heb 5:9).

Kan ons dit nou waag om priesterlik vir iemand by God in te tree? Ja, maar alleen met 'n beroep op Christus wat ons onuitputlike BRON van vergewing en genade in die hemel is!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~